

13 April

Skrifgedeelte: Deuteronomium 28

Fokusgedeelte: Deut 28:46

Die skerpthe van die wet my tot seën

Die kategismus vra: Waarom laat God die wet dan so aan ons verkondig? (Vr 115) Dié skerpthe hoor ons hier in vers 15 met byvoeging: Daar sal 'n vloek op julle rus. Die vreeslikste dinge word dan genoem: Swere (vs 27), kranksinnigheid en blindheid (vs 28). Al hierdie strawwe sal oor jou kom en jou tref (vs 45). Waarom so skerp? Vers 46 sê die gebooië en voorskrifte moet altyd vir jou en jou kinders 'n waarskuwingsteken wees. Die 1953 vertaling praat van 'n teken en 'n wonder.

Die uitdrukking beteken om jou iets te wys en jou die hand op die mond te laat slaan. God wil dat jy Hom in sy wet moet raaksien – Hy wat nie 'n mens is soos jy nie. Dit is dus in die eerste plek die rede waarom die wet so skerp is: sodat jy Hom as God kan bely. Moenie teen Hom op die tande kners nie, maar wees klein en stil. Tweedens moet dit vir jou 'n spieël wees wat jou laat sien hoe ver jy van volkome gehoorsaamheid aan die eise is. Dan slaan jy jou hand oor die mond: Kyk hoe lyk ek voor God! Derdens laat dit jou eenkant toe gaan om die Here te soek. Dit is die pad van bekering en heiligmaking.

Die kategismus noem dit: “'n groter verlanke na die vergewing van sondes...” So laat die skerpthe van die wet my weggryp van myself om my verlossing en saligheid buite myself te soek. Dat God sy wet so skerp gee is dus 'n genadige ingrype om my weg te lei van myself af na Hom toe. Hierdie wonder laat my die hand oor die mond slaan.

Sing: Skrifberyming 19:1,5-7

Ds LD Aucamp (Cullinan)